



6

SESSIE SES

DRESS UP! (*DIE WAPENRUSTING*)

DIE SWAARD VAN DIE GEES

Die Woord van God as Verdedigings- en Aanvalswapen

Eenheid Opdragte

GEESTELIKE WAARHEDE

MEMORISEERERS:

“Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart.”

Hebreërs 4:12 (ANV)

G

R

BYBELSTUDIE:

Ons kom aan die einde van ons studie oor die wapenrusting en Paulus sluit dit af met die Woord van God as swaard. Jesus het gesê die woorde wat Hy spreek is gees en lewe (Johannes 6:63) en wanneer ons vashou aan sy woorde, is ons waarlik sy dissipels (Johannes 8:31). Jesus het die woord gebruik om die duiwel teen te staan (Matteus 4 en Lukas 4) en Paulus, Jakobus en die Hebreërs skrywer het die waarde van die woord van God beklemtoon. Die woord van God en die waarde wat ons daaraan heg sal altyd een van die belangrikste aspekte van ons geestelike groei en geestelike gesondheid bly.

O

E

Jy is ook welkom om die Bybelstudie gedeeltes te gebruik in jou persoonlike stiltetyd. Volg die elemente soos uiteen gesit in die *21-Dae Stiltetyd Joernaal* om 'n gewoonte van persoonlike stiltetyd te vestig. Dit is belangrik om dit wat jy in die Bybel leer, toe te pas in jou lewe. Ons moenie net die Woord aanhoor nie, maar ons moet mense wees wat doen wat die Woord sê.

P

2 TIMOTEUS 3:16-17; HEBREËRS 4:12 – Hierdie gedeeltes verduidelik iets van die waarde wat die Bybel in ons lewe het en waarvoor dit gebruik kan word in ons lewe.

Wat beteken dit dat die Woord deur God geïnspireer is?

E

Watter voordele hou die bestudering van die Woord vir jou in volgens hierdie drie verse?

MATTEUS 7:24-27; JOHANNES 8:31-32 en JAKOBUS 1:22-25; 2:14– Hierdie gedeeltes beklemtoon dieselfde belangrike aspek van gehoorsaamheid aan God se Woord.

Wat is volgens Jesus (in Matteus 7) die bepalende faktor wat maak dat iemand wys of dwaas is?

Wat is die gevolg volgens Jesus (in Johannes 8) as iemand aanhou gehoorsaam is en aanhou doen wat Hy vra?

Watter ooreenkomste is daar tussen wat Jakobus sê met dit wat Jesus gesê het?

G

MATTEUS 4:1-11 – In hierdie gedeelte sien ons hoe Jesus versoek word en hoe Hy die Woord as wapen teen die vyand gebruik.

Wat was Jesus se reaksie op versoeking?

R

Hoe dink jy was dit moontlik dat Jesus elke keer Skrif aangehaal het?

O

PSALM 119:8-16, 103, 105, 130, 160, 165 – Hierdie is die langste Psalm in die Bybel en dit gaan primêr oor die belangrikheid van God se Woord. Probeer op 'n later stadium die hele Psalm lees, maar hier is 'n paar verse wat ons wil uitlig.

E

Wat staan vir jou uit van God se Woord uit die verse wat jy gelees het?

P

Opsomming:

E

Die swaard van die Romeinse soldate was 'n aanvallende en verdedigingswapen. Dit was nie 'n lang swaard wat twee hande benodig het nie, maar amper 'n meter lank. Dit het gemaak dat die geveg naby gebeur het net soos ons dit in ons geestelike lewe ook beleef.

Paulus maak dit duidelik dat die hele Skrif deur God geïnspireer is wat eintlik beteken God het sy lewe en krag daarin geblaas. God se Woord het nog altyd krag gehad om lewe te wek. God het geskep deur te spreek, Jesus is die Woord wat mens geword het en onder ons kom woon het, en Jesus het ook gesê dat sy woorde gees en lewe is. Hierdie woorde van God het groot waarde om ons te help om vorentoe te beweeg in ons geestelike lewe. Paulus maak dit eintlik duidelik dat die rede

hoekom die Skrif waarde het vir onderrig, om dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek is sodat ons voorbereid kan wees vir ons taak; ons missie; ons roeping.

Die Woord van God sal jou bedoelings, motiewe en gesindheid ondersoek en omdat dit soos 'n spieël is sal dit jou die waarheid laat raaksien sodat jy die nodige aanpassings kan maak. Jesus het dit duidelik gemaak dat

ons moet ons hele lewe bou op hierdie woorde van Hom. Dit beteken ons moet elke faset – huwelik, geld, besigheid, kinders grootmaak, ensovoorts – moet bou op die beginsels en waarhede van God. Wanneer ons dit doen en dus gehoorsaam is aan wat God ons leer, is ons soos wyse mense wat op rots hulle huis bou. Die realiteit is dat hierdie lewe storms sal bring. Die bepalende faktor

of jou huis gaan bly staan is nie die aanwesigheid of afwesigheid van storms nie, maar of jy doen wat God jou leer. Gaan dit oor in daad? Gaan dit oor in gehoorsaamheid? Gaan dit oor in toepassing. Jakobus het dit ook beklemtoon en duidelik gemaak dat ons dit net aanhoor en dit nie doen nie, bedrieg ons onself.

G

In Johannes 8:31-32 maak Jesus dit duidelik dat ons moet vashou aan sy woorde; ons moet dit doen en aanhou doen; ons moet ons lewe daarvolgens inrig, dan sal ons nie net 'n kognitiewe wete van die waarheid hê nie, maar 'n wete in ons gees en in ons hart en dan sal ons die vryheid van dit alles beleef en kan uitleef.

R

Ons geestelike lewe se gesondheid word groot in deels beïnvloed deur ons verstaan en toepas van die woord van God. Hierdie woorde het lewe en indien ons die lewe van oorfloed wil beleef wat Jesus vir ons kom moontlik maak het, moet ons tyd in die Woord spandeer en leer om dit meer en meer toe te pas. Op hierdie manier berei God ons voor vir hierdie roeping en missie vir ons lewe en ons kan weerstand bied teen die aanvalle van die duiwel.

O

E

P

E

REDIGERING EN TOEPASSING

Watter dissiplines het jy al in jou lewe ontwikkel om te verseker dat jy meer en meer die Woord van God bestudeer en 'n groter begrip oor die Woord kry? Watter dissipline het die grootste waarde vir jou oor die jare gehad?

G

R

Watter invloed het ons kennis van die Woord van God op ons vermoë om weerstand te bied teen die aanvalle van die duiwel? Op watter manier het jy al die Woord van God gebruik om weerstand teen die aanvalle van die duiwel te bied? Verduidelik.

O

E

Dink jy dit is moontlik dat sekere dele van jou lewe op sand gebou kan wees en ander dele op klip gebaseer op dit wat Jesus gesê het? Watter areas in jou lewe is verseker op klip gebou? Watter areas is dalk op sand gebou?

P

E

Op watter manier het jy al aan God se Woord vasgehou toe niemand anders het nie of almal vir jou gesê het jy maak 'n fout of omstandighede jou iets anders wou laat doen? Wat was die gevolg daarvan?

ONDERSOEK

Dink na oor die onderstaande vrae voor julle volgende groepsbyeenkoms. Jy mag enige van die vrae gevra word en jy mag enige van hierdie vrae aan die mense in jou groep vra. Hierdie vrae sal jou help om jou lewe te evalueer in die lig van die waarheid wat julle hierdie week bestudeer het. Dit gee ook vir die ander groepslede die geleentheid om jou aan te moedig om ten volle vir Jesus te lewe. Skryf 'n paar punte in die spasies neer na aanleiding van julle groepsbespreking.

G

Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy hierdie week wou gee?

R

Watter bedoelings en motiewe in jou lewe ervaar jy word tans deur die Woord van God aangespreek?

O

Op 'n skaal van 1-10, hoe goeie dissipel is jy tans as dit gemeet word aan hoe getrou jy aan Jesus se woorde vashou? Verduidelik.

E

P

Hoe gaan dit met die ontwikkeling van jou daaglikse, persoonlike stiltetyd? Hoe kan jou groep jou help?

E

EVANGELIE EN MISSIE

LEWE:

Ons het al gekyk na die *wat*, die *hoekom* en die *hoe* van Jesus se missie wat ons moet opneem:

- *Wat is dit?* – om te deel in Jesus se missie is om die evangelie aan alle mense bekend te maak.
- *Hoekom daaraan deelneem?* – die liefde van God wat ten toon gestel word in die evangelie dring ons en rus ons toe.
- *Hoe word dit gesien?* – deur woord en daad.

G

R

Kom ons dink vir 'n oomblik *waarheen* 'n lewe van missie jou sal neem. Soos wat Christene besluit om 'n lewe van missie te leef, kan hulle betrokkenheid in die wêreld ingedeel word in die kategorie van behoefte en afstand. Behoeftes kan geestelik, emosioneel of fisies wees (bv. kos, behuising, beskerming, voorsiening, ens.) Afstand kan weer kultureel of geografies gemeet word.

O

E

P

E



Byvoorbeeld, in die storie van die Barmhartige Samaritaan (Lukas 10:29-37), beskryf Jesus 'n man van Samaria wat dadelik aandag gegee het aan 'n Joodse man se fisiese behoeftes (kos, behuising en medikasie) selfs al was hulle kultureel weerstandig teen mekaar (*Jode en Samaritane het nie met mekaar vereenselwig nie selfs al het hulle naby aan mekaar gebly*). In die storie van Kornelius se bekering (Handelinge 10), het 'n visserman van Galilea (Petrus) omgesien na 'n Romeinse weermag offisier van Sesarea wie ook kultureel ver was van dit waaraan Petrus gewoon was. In Handelinge 16:25-34 sien 'n Joodse Christen (Paulus) om na die

geestelike behoeftes van 'n tronkbewaarder, 'n Griek van Philippi, wat beide kultureel en geografies verwyderd was van Paulus se lewenservaring. Om 'n lewe van missie te leef onder die beheer van die Heilige Gees, kan jou oor geestelike, ekonomiese, kulturele en geografiese grense neem.

Let op na die areas of liggings wat Jesus aanraak in sy opdrag aan die apostels in Handelinge 1:8, *“Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”* Jerusalem was die apostels se basis. Judea was die groter, maar bekende, omgewing wat hulle omring het. Samaria was geografies naby, maar kultureel ver. En natuurlik was die uithoeke van die aarde beide kultureel en geografies ver gewees. Uit hierdie versie is dit dus duidelik dat dit Jesus se wil is dat sy volgelinge die evangelie oor alle tipes grense bekend moet maak.

’n Goeie, eerste stap in ’n lewe van missie, is om op te let na jou omgewing. Waar is die Jerusalem, Judea en Samaria in jou lewe? Wat sal vir jou die uithoeke van die wêreld wees? Dit beteken egter nie dat Jesus jou roep om na al hierdie areas toe te gaan nie, maar jy moet wel daarvoor dink en bid sodat jy kan bepaal na watter areas jy wel geroep word om die evangelie bekend te maak en in watter areas jy ander moet bystaan om die evangelie bekend te maak.

G

Gebaseer op hierdie opdrag in Handeling 1:8 om die evangelie bekend te maak aan alle mense en oor alle grense heen, gaan ons die volgende frases gebruik waar Christene ’n lewe van missie kan leef: **af in die straat, in ’n ander buurt, oorsee.**

’n Ander buurt verwys na die groter omgewing van ons gemeenskappe waar mense geografies naby kan wees, maar kultureel of ekonomies ver is.

Oorsee verwys na die plekke in die wêreld waar mense wat behoeftes het, beide kultureel en geografies ver is.

R

Af in die straat verwys na die algemene omgewings van ’n gelowige se lewe en beïnvloed waar hulle woon, werk en ontspan.



Waar sou jy die af in die straat, ’n ander buurt en oorsee in jou lewe beskryf? Wees so spesifiek as wat jy kan.

straat _____

buurt _____

E

oorsee _____

P

Neem ’n paar minute en skryf ’n paar gedagtes neer hoe jy jouself sien om Jesus te volg in sy missie om die evangelie bekend te maak aan alle mense *af in die straat, in ’n ander buurt of oorsee*, deur woord en daad. **Hoe kan die Heilige Gees deur jou werk? Wat kan jy doen? Hoekom sou jy dit doen? Waar sal jy ’n verskil kan maak? Hoe kan jy ander ondersteun wat reeds ’n verskil maak?**

E

.....
.....
.....
.....

PRAAT MET GOD

*“Here, leer my hoe om u voorskrifte uit te voer,
sodat ek my tot die einde toe daaraan kan hou.*

Psalm 119:33 (ANV)

G

Vra die Here dat Hy hierdie week sy Woord sal gebruik om slegte of verkeerde motiewe en gedagtes in jou lewe vir jou uit te wys. Vra Hom om jou te help gehoorsaam wees aan sy Woord. Luister na wat die Heilige Gees vir jou uitwys en maak die nodige aanpassings.

R

My gebedsversoek ten opsigte van die geestelike waarheid van hierdie week:

O

My gebedsversoek ten opsigte van ’n situasie in my lewe:

E

P

My gebedsversoek ten einde ’n lewe van omgee en missie te leef:

E

Gebedsversoeke van ander in my groep:

EEN TREE

Na aanleiding van julle gesprekke vandag in die groep en jou studie die afgelope week, wat ervaar jy is die EEN TREE wat die Heilige Gees jou vra om te gee in jou verhouding met Jesus? Wat is die EEN ding wat jy hierdie week moet doen?

Ek gaan hierdie week...

G

R

**Maak seker jou stelling is baie spesifiek, meetbaar en evalueerbaar en indien dit 'n spesifieke tydslyn het, is dit nog beter.*

O

E

P

E